

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 30 Augustus 2015 – aand**

**Sing vooraf staande:** Psalm 125:1, 2, 3 (p. 618)

- 1 Dié wat op God vertrou, / al kom die vyand aan,  
is soos die Sionsberg / wat altyd vas bly staan.
- 2 Die hoë berge is / net soos 'n vaste skans  
rondom Jerusalem: / geen vyand het daar kans.
- 3 So is die HEER rondom / sy volk in ewigheid –  
'n berg wat vas bly staan / in dag van storm en stryd.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!  
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.  
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,  
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Gebed

Psalm 103:5, 6 (p. 505)

- 5 Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie / of ewiglik die toorn teen ons behou nie,  
want wie kan dra Gods eewige gramskap – wie? / Hy sal met ons nie na ons sondes handel,  
ons nie vergeld die boosheid van ons wandel; / Hy straf ons, maar na al ons sondes nie.
- 6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë, / so sal sy guns, uit eewige mededoë  
geweldig hoog bo al sy kinders staan. / En soos die oosterkim se helder glanse  
ver weg is van die kwynende awendtranse, / so ver het Hy ons sondes weggedaan.

**Skriflesing:** Psalm 131:1-3

**Kernverse:** Psalm 131:2

**Waarlik, ek het my siel tot bedaring gebring en stilgemaak; soos 'n  
gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my.  
(Psalm 131:2 AFR53)**

**Tema:** Here, in U het my siel tot bedaring gekom!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend het ons saam met die digter van Psalm 42 die worstelstryd van die op en af in 'n mens se geloof beleef. Weens omstandighede – of hy daarvoor beheer gehad het of nie, weet ons nie – het hy homself ver van God verwyder gevoel. Die vreugdevolle dae toe hy saam met die gemeente in feesvreugde opgetrek het na die tempel het die alleenheid net nog meer beklemtoon wat hy beleef het. En wat sy terneergedruktheid vererger het, was die spottende vrae van die omstanders: Waar is jou God?

Alhoewel die digter homself vermaan het om nie te twyfel oor die Here se sorg en nabyheid nie, het sy omstandighede hom weer in sy gemoed afgetrek. En saam met die omstandighede het die omstanders se spotvraag hom verlei om aan die Here vrae te vra: **Waarom het U my vergeet? Waarom ly ek hierdie verdrukking?** Dit is vrae waarmee die digter die Here tot verantwoording geroep het.

Nou het die Here ons vanoggend vanuit die gemoedstemming van Psalm 42 by die nagmaalstafel gebring. In Christus het die Heilige Gees ons die versekering gegee dat die Vader sy kinders ter wille van Christus nooit sal vergeet of verlaat nie. Vanaand wys die Heilige Gees vir ons in Psalm 131 waartoe die viering van die nagmaal en die versekering van die Here ons behoort te gebring het:

**Waarlik, ek het my siel tot bedaring gebring en stilgemaak; soos 'n gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my.**

(Psalm 131:2 AFR53)

Die genade van die Here aan sy kinders maak hulle ootmoedig. Of anders gesê: Wanneer die gelowige die grootsheid van die Here se genade teenoor hom raaksien, buig hy in nederigheid en aanbidding voor sy God neer. Die bekende Engelse prediker Charles Spurgeon het van hierdie psalm gesê: Dit is een van die kortste psalms om te lees, maar een wat die langste neem om aan te leer. Nederigheid is immers nie iets wat natuurlik by enige mens voorkom nie – ook nie by gelowiges nie.

Ons mense het maar 'n negatiewe siening van nederigheid omdat mense dink dat iemand wat nederig is die vloerlap van ander mense word. Hierdie verkeerde siening van nederigheid moedig mense nog meer aan om nie nederig te wees nie, maar hulleself eerder te handhaaf.

Egte nederigheid sal 'n mens net by 'n ware gelowige aantref. 'n Mens word nie nederig wanneer jy jouself met ander mense vergelyk nie. 'n Mens word nederig wanneer jy die Here leer ken vir Wie Hy is en wanneer jy jouself ken vir wie jy is. Eers wanneer 'n mens besef hoe groot die God werklik is voor Wie ons in aanbidding buig, wie 'n mens is sonder God en wie 'n mens is wat in Christus ingelyf is met die ware geloof, dan word 'n mens nederig voor God en ander mense.

Broers, susters en kinders, in Psalm 131 het ons die lied van die nederiges. By monde van Dawid leer die Heilige Gees ons dat die ware gelowige nie trots is nie maar vertrouend.

Dawid bely voor die Here wat tot in sy binneste menswees kan kyk dat sy hart nie hoog is nie. Hy is nie hoogmoedig nie. 'n Hoogmoedige mens dink van homself meer as wat hy behoort te dink. In so 'n mens se hart heers afguns, jaloesie en haat, omdat hy homself sien as iemand wat beter is as ander mense.

Maar dit is nie net teenoor ander mense wat hy dink hy is beter nie. Selfs teenoor die Here dink hy hy is beter, want hy wil nie in volle afhanklikheid van die Here lewe nie. Arrogant wil hy sy eie besluite neem en sy lewe lei soos wat hy wil. Hy wil hom nie laat voorskryf nie. In die Skrif word die hoogmoedige en trotse mens gewoonlik aan die goddelose gelykgestel. God het in so 'n mens se lewe nie 'n plek nie, want net hy en sy eie begeertes is baas in sy lewe.

In sy selfondersoek gaan Dawid verder:

**... my hart is nie hoog en my oë nie trots nie; ...** (Psalm 131:1a AFR53)

Hy is nie hoogmoedig nie en sy oë is nie trots nie. *Hart* in vers 1 beteken die diepste binnekant van die mens, en die oë wys wat in die hart aangaan omdat die oë doen wat in die hart voorgesê word. In Spreuke 30:10-13 hoor ons hoe nou die hart en oë van 'n hoogmoedige mens aan mekaar verbind is. In sy hart dink die hoogmoedige mens hy is beter as ander en sy oë is vol trots – *sy ooglede is hoog opgetrek*. Met ander woorde hy kyk uit die hoogte op ander mense af.

Hoe erg dit ook al mag klink, 'n mens kan ook teenoor die Here sulke trotse oë hê. Hoewel ons skaam oor ons sondes behoort te wees en daarom in nederigheid voor die Here te staan, ignoreer ons soms ons sondes in ons gebede. In ons nadering tot God vergeet ons soms van al die onreg wat ons gepleeg het, so asof ons heeltemal regverdig is. Trots en hoogmoed beur maar gedurig na die oppervlak in ons lewens.

Dawid bely egter dat hy geen hoogmoed in sy hart of trots in sy oë het nie. Party mense sal sê dat dit juis hoogmoed is wat so praat, want hoogmoed en trots is mos eie aan die natuurlike mens. Dit is waar, maar Dawid is nie besig om in hoogdrawende taal homself te prys nie. In eenvoudige kort sinnetjies sê hy dit juis uit dank vir die groot genade van die Here.

Menslik gesproke was daar baie dinge waarop Dawid homself in trotsheid kon verhef. Hy is die koning oor die hele Israel. Hy is 'n militêre held. Die Here het vir hom gesê dat sy koningskap bestendig sal wees tot in ewigheid. Tog het hy daarna gestrewe om die Here in nederigheid te dien.

Trouens, Dawid se lewe weerklink in hierdie psalm. Toe die verbondsark Jerusalem ingebring is, het Dawid – gestroop van al sy prag en praal – net met 'n linneskouerkleed voor die ark gedans in die prosesie. Sy vrou Mikal het hom daarvoor verkwalik. Maar Dawid het gesê dat hy homself voor die Here nog geringer sal ag en in sy eie oë nederig sal wees (2 Sam 6:21-22). En toe die Here die belofte gemaak het dat die koningskap van Dawid vir ewig sal bestaan, het hy tot die Here uitgeroep:

**Wie is ek, Here HERE, en wat is my huis, dat U my tot hiertoe gebring het?**  
(2 Samuel 7:18 AFR53)

Dawid gaan nog verder en sê dat hy hom ook nie in dinge wat vir hom te groot en te wonderbaar is begewe nie. Die wêreldling sal juis hier sê: Sien jy wat doen nederigheid aan 'n mens? Dit maak jou ambisieloos.

Maar dit is nie wat Dawid hier sê nie. Trots beteken nie dat 'n mens ambisie het nie. Trots maak mense gewetenloos omdat hulle met hulle ambisies bo-oor mense loop. Die gelowige se ambisie is om die Here te verheerlik deur Hom gehoorsaam in sy hele lewe te volg. Daarom verneder die gelowige homself sodat die Here hom as die instrument in sy hand kan gebruik om Homself te verheerlik.

Dit is nou net hier waar dit vir ons moeilik raak en waar ons onself moet bedwing. Die groot en wonderbare dinge waarvan Dawid in hierdie psalm praat is die werke van God wat Hy in sy alwysheid uitvoer. Omdat ons persoonlik deur die Here se werke geraak word en die uitvoering van die Here se werke soms moeilike omstandighede veroorsaak, soos waarin die digter van Psalm 42 verkeer het, is ons geneig om God se werke met ons te evalueer en te kritiseer. Volgens ons is die moeilike omstandighede nie reg en billik nie, so asof ons beter as die Here weet. Daarom moet ons saam met Job wat erge lyding deurgemaak het besef dat die Here se wysheid ondeurgrondelik is en tegelykertyd bly sy liefde onveranderlik vir sy kinders. Ons is in ons kennis en vermoëns beperk en weet

nie beter as die Here nie. Laat ons daarom ons onkunde bely oor die groot en wonderbare werke van God en nederig ons vertrou in die Here se wysheid, krag en goedheid stel.

Dit bly moeilik om so te lewe. Dawid het dit ook ervaar. Sy sondige hart het hom in 'n stadium verlei om homself te verhef deur die volk te tel. Met daardie sensus het sy hart juis staat gemaak op sy eie prestasies en vermoëns. Trots en hoogmoed beur ook maar keer op keer na vore in ons lewens. As die Here boek moes hou van ons kwaad, sou niemand voor hom kon bly bestaan nie.

Maar waar Dawid en ons telkemale faal in die sonde van hoogmoed en trots het Jesus, die een uit Dawid se nageslag, geslaag. Hy is by uitnemendheid nederig en sagmoedig. Hy wat self God is het Godheid nie beskou as iets waaraan Hy moes vasklem asof Hy dit kan verloor nie. Nee, as Seun van God het Hy Homself verneder om 'n mens te word. Nog meer, Hy het die gestalte van 'n slaaf aangeneem om aan mense gelyk te word. En in die gestalte van 'n mens het Hy Homself nog verder verneder tot in die dood, die dood aan die kruis. En dit het Hy gedoen vir mense wat nog sy vyande was.

Dit is nie Dawid se nederigheid wat ons moet navolg nie, maar Christus s'n. Dit is inderdaad moeilik om nederig te wees. Maar die Here het die Heilige Gees aan die gelowiges gegee, en dit is onder leiding van die Heilige Gees dat gelowiges leer om nederig te wees. So nederig dat hulle die voetspoor van Jesus volg en ook diensknegte van hulle broers en susters en ander mense wil wees, soos Christus dit was. Hy het nie sy eie belange gesoek nie maar dié van sy Vader en hulle vir wie Hy kom verlos het.

In plaas van trots en hoogmoed in sy hart is Dawid se siel bedaard en stil. Dit is so totaal anders as wanneer trots en hoogmoed 'n mens se hart oorheers. 'n Hoogmoedige mens is voortdurend ongemaklik en selfs angstig. Die heeltyd wonder so 'n mens of die ander mense nie beter is as hy nie. En hy bedink planne hoe hy homself kan bevorder sodat die mense hom moet raaksien en erkenning gee. 'n Hoogmoedige mens verkeer dus gedurig in onrustigheid en onsekerheid. Die ware Christen weet egter wat die Here aan hom in die genade van Jesus Christus skenk en hy is tevrede.

Die beeld wat Dawid gebruik om homself in sy vertrou te beskryf, is 'n sprekende beeld – die beeld van 'n kind wat gespeen is en op sy ma se skoot sit. Van geboorte het die kind gewoon geraak dat hy met moedersmelk vinnig vertrous en versadig word. Maar daar kom 'n tyd wanneer hy nie meer die moedersmelk nodig het nie omdat hy vaste kos kan eet. En om nou daardie gewoonte van moedersmelk af te leer is nie maklik nie. Deesdae word kinders jonk gespeen – gewoonlik wanneer hulle 'n jaar oud is. In die Bybelse tyd is 'n kind normaalweg eers op die ouderdom van drie gespeen. Om 'n kind van een te speen is reeds moeilik en hartverskeurend vir 'n ma. Dink net hoe moeilik dit moes wees om 'n outjie van drie wat al 'n gespierde willetjie van sy eie het te speen.

Maar met die volharding van die ma en die kind gebeur dit tog dat die kind ook verstaan dat hy nie meer moedersmelk nodig het. Hy kan nou rustig op sy ma se skoot sit sonder om te huil oor die moedersmelk, want hy het die vertrou dat sy ma sy behoeftes op 'n ander manier bevredig. Sy sal hom nie honger en dors laat bly nie.

Dawid merk dieselfde gesindheid van 'n gespeende kind by hom op. Sy angstighede toe hy nog trots was en die worsteling wat hy ervaar het om homself te handhaaf is deur die genade van God tot bedaring gebring. Sy siel is stil in hom soos iemand wat deur die Here gespeen is van sy trots en selfversekerdheid. Dit het tyd geneem om so tot bedaring by die Here te kom. Maar in sy Vaderlike sorg het die Here vir Dawid by daardie punt uit-

gebring. Met vertroue kan Dawid tot die Here nader, sonder om dadelik 'n antwoord op sy gebed by die Here te eis. Hy kan hom verheug in die Here deur Hom net te aanbid oor wie Hy is.

Dit neem ook tyd sodat ons uiteindelik gespeen is van ons trots en selfversekerdheid. Oor tyd onderrig die Here ons om ons geneigdheid om self in beheer te wees en self besluite te wil neem af te sterf. Hierdie onderrig gee die Here op 'n vaderlike wyse aan ons. Ja, soms deur middel van hartverskeurende verliese en worsteling, soos 'n erge siekte of finansiële ineenstortings of selfs die dood van iemand naby aan ons. Hy leer ons om ons vertroue meer en meer op Hom te stel. Hy leer ons om te verstaan dat Hy weet presies wat ons nodig het nog voordat ons Hom gevra het.

In Christus betoon God Homself werklik as ons Vader wat in die hemel is. As Hy sy Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons oorgegee het aan die kruis sodat ons die lewe in Hom kan kry, sal Hy dan nie al die ander dinge voorsien wat ons nodig het nie? Hy sal en Hy sal gee nog voordat jy gevra het.

Die genade van God waarvan ons vanoggend weer die tekens en seëls gesien het, laat ons juis in nederigheid en vertroue voor die Here buig. Laat ons hierdie nagmaal as nog 'n mylpaal hanteer op hierdie pad van groei in vertroue op die Here. Hy hoef nie al die vrae wat ons het oor sy werke vir ons te beantwoord nie. Hy is nie verantwoording aan ons verskuldig nie. Ons kan Hom bly aanbid vir wie Hy is – ons alwyse en almagtige Vader in die hemel wie se liefde vir sy kinders nooit sal kwyn nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 131:1, 2 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie; ek verkeer,  
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil.  
Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
30 Augustus 2015